BEPLANNING VAN VOETSLAANROETES

(English copy available on request)

(Kontrolelys vir bespreking met voornemende ontwikkelaars)

M L Hugo
Ecoplan

Die beplanning van 'n staproete is nie die proses van besluitnemeing waar die paadjie sal loop nie. Dit is die opstel van 'n omvattende strategiese plan vir die implimentering van 'n ekotoerisme-projek.

1. ONDERLIGGENDE BEGINSELS TER SAKE

Die doel is om eko-roetes daar te stel.

(a) Die roete moet die integriteit van die natuur en kultuur bevorder.
Kultuur: ou strukture (geboue, paaie, ens.)
leefwyse (gedragskodes, geskiedenis, kleredrag, verhale, artefakte, ens.

(b) Die stapper moet 'n sinvolle ervaring beleef ("enlightenig experience")

- variasie
- verrassingselemente
- moeiliheidsgraad
- leersaam/insiggewend

(c) Die plaaslike gemeenskap moet bevoordeel word

- werkskepping
- inkomste vir die eienaar

2. FAKTORE WAT BEPLANNINGSBESLUITNEMING BEPAAL

(a) Tipe roete:

- lengte (dag, naweek, vakansie)
- moeilikheidsgraad (op 'n skaal van 1 - 10)
- gebruiker (rolstoel, jongmense, gesinne)
- doel (omgewingsopvoeding, wynproe, fiksheid)
- vorm (sirkel, heen-en-terug, oopeinde, ketting, netwerk)
- benutting (enkeldoelig meerdoelig, 4 x 4)
- gradering van fasiliteite (luuks - primitief)

(b) Potensiaal van die omgewing en terrein

- ligging t.o.v. mark
- fisiografies (klimaat, topografie, water, plante, diere)
- kultuur-histories
- toeganklikheid
- infra-struktuur en dienste
- sekuriteit
- kompetisie en ondersteuning

- steurende grondgebruik in die omgewing
- hutlokaliteite (toeganklik; water; hout; diens; toilet; uitsig; lokale atmosfeer; weerstoestande; grondtoestande; ekologiese sensitiwiteit; besoedeling - geraas, reuke, sig [bv. ligte in nag]; veiligheid; boumateriaal)

3. KOSTES

(a) Beplanningskoste

- gangbaarheidstudie
- beplanning van roete-korridor
- merk van roete-korridor
- ontwerp van akkommodasie

(b) Ontwikkelingskoste

- bou van paadjie
- bou van fasiliteite op paadjie
- bou van akkommodasie en buite-fasiliteite (parkering, braai, toilette, toegangspad, hekke, heinings)
- opsit van kennisgewingborde
- teken van kaart (en druk)
- toerusting van hutte (beddens, matrasse, sitplek, kook/was, beligting)

(c) Bestuur

- bemarking
- besprekingstelsel
- monitering/onderhoud van paadjie
- ouditering/akkreditering
- bedryf (skoonmaak van hutte, hout/water by hutte)

4. KOSTEVOORDEEL BEREKENINGE

(a) Finansieël (inkomste vs uitgawes oor tyd bereken)
(b) Sosiaal (gesin, privaatheid, vakansies)
(c) Wetlik (risiko's: brand, beserings)
(d) Funksioneel (versoenbaarheid met huidige okkupasie/berdryf

5. BEPLANNINGSPROSEDURE

FASE 1: GANGBAARHEIDSTUDIE

Die eienaar moet vooraf kaarte en lugfoto's beskikbaar stel waarop die grense van die eiendom aangetoon word. (Hulp sal hiermee verleen word indien benodig).

Die volgende items moet sover moontlik deur die eienaar gemerk word op 'n stel basiskaarte (wat beskikbaar gestel sou kon word in dien u nie self oor die fasiliteite beskik nie) :

Besienswaardighede:

kultureel
natuurkundig
histories (insluitend argeologie)
uitsigpunte

Infrastruktuur
paaie (onderskei tussen alle grade/tipes)
drade (grense; kampe; telefoon; krag)
alle geboue en strukture (nuut; oud; vervalle)
grondgebruik (bv. landerye)

Veldtipes en wildhabitatte (benaderd): toon ook
indringers; woudelemente; besondere species (interessant, mooi, giftig, bedreig,ens)

Grontipes:
(veralgemeende grondoppervaktipes) met klem op erosie, los sand, klei, ruwe klip.

Water:
drinkbare water
swemplekke
riviere en
damme (onderskei tipes/ standhoudendheid)
watervalle
poele
vleie
fonteine

Natuurlewe: meld wild, voëls, ens. Indien bekend.

Landskaptipes soos klowe; kranse; grotte; rotsformasies, sinkgate, ens.

Inligting oor klimaat uit oogpunt van buitelewe.
Somer en wintertemperature; reenvalverspreiding; winde en enige ander aspekte wat buitelewe kan beïnvloed.

Bewoners van eiendom en omgewing - eienaar en arbeiders. Meld aangrensende ontwiikeling en moontlik nadelige effekte soos geraas, stof, ligte saans, verkeer

Ander inligting wat benodig word:
Doel van die ontwikkeling van ‘n roete:
finansieel - ekstra inkomste
werksgeleenthede vir arbeiders
gemeenskapsvoordele (jeuggroepe, ens)
stapgeleentheid vir (betalende-) gaste
eie familiegebruik
ekstra ontspanningsfasiliteit tot bestaande vakansie-opset/reservaat/hotel

Tipe roete verlang (Vir wie word die roete primer benodig?)
gewone stapperspubliek
gestremdes
bejaardes
oefenkampe
opvoedkundige doeleindes
gaste

Lengte van roete: Dagroete, naweek- of langnaweek; stapvakansie.
Is daar behoefte vir ander tipes roetes : fiets, bergfiets; 4x4, perde?
Beskik u oor enige vorm van akkommodasie?
Verkies u om die gaste by u aan huis in te neem of wil u so min moontlik met hulle te doen hê tydens verblyf op die eiendom?

Indien u ‘n oornaghut iewers in die veld wou hê waar stappers sou kan oornag, moet u krities kyk na moontlike plekke daarvoor. Die volgende is riglyne:

- dit moet bereikbaar wees met ‘n trekker vir aanvanklike bouwerk (tensy van ‘n natuurlike grot ens, gebruikgemaak gaan word)
- daar moet skoon water (verkieslik ongeveer 500 tot 750 li per aand) wees
- brandhout vir vuurmaak
- skoonmaakdiens
- putlatrine of septiese tenk
- mooi, beskutte omgewing en/of ligging met mooi uitsig
- geskik vir fondasies
- nie sensitiewe omgewing

Merk asseblief ALLE sulke geskikte plekke.
(Die hut word sover moontlik van plaaslike ruwe materiaal gemaak teen minimum kostes - met slegs die heel basiese fasiliteite).

Op grond van bogenoemde word ‘n studie geloods ten einde te bepaal of die eiendom oor die nodige potensiaal beskik om die be-oogde ontwikkeling suksesvol te implimenteer. Die studie kan ‘n behoorlike koste-voordeel studie behels of kan gebaseer word op ‘n weldeurdagte opinie van die ontwikkelaar/beplanner.

FASE 2: VELDBESOEK

Eienaar of gevolmagtigde in terme van besluitneming, en wat die terrein goed ken, vergesel die roetebeplanner op ‘n ekstensiewe besoek aan die hele eiendom. Die voertuig word verskaf deur die eienaar. Indien daar plekke is wat nie besoek kan word nie, moet dit vooraf uitgewys word. Die veldbesoek moet so beplan word dat dit in ‘n dag afgehandel kan word.

FASE 3: BEPLANNING VAN DIE ROETESISTEEM

Hierdie fase word op kantoor gedoen en behels (1) die wetenskaplike beplanning en moeilikheidgradering van die roete; en (2) die voorlegging daarvan aan die eienaar vir goedkeuring.

Die uitgangspunt met roetebeplanning is dat die roete nie maar net ‘n paadjie in die veld is nie maar ‘n ekotoerisme-produk moet verteenwoordig. Die positiewe ervaring van die stapper, voordele vir die plaaslike inwoners en die bewaring van die omgewing is elemente wat besondere aandag kry.

FASE 4: MERK VAN DIE ROETE

Die beplande roete word met behulp van “barrier tape” in die veld gemerk. Onderseuning in die veld behels die volgende:

- een persoon wat die terrein goed ken en minstens Afrikaans of Engels magtig is, plus twee helpers met klein rugsakkies of skouersakke; asook ‘n klein panga/kapmes padkos en water vir die volle dag;
- voertuigondersteuning op geselekteerde plekke.

Tydens veldwerk word die eienaar vriendelik versoek om nie toe te laat dat plaaspersoneel die merkwerk vertraag deur aandag te gee aan sake rakende die boerdery, ens. nie. Sodanige vertragings of oneffektiewe logistiese ondersteuning sal noodgedwonge vertragend inwerk wat hoër koste tot gevolg mag hê.

Oornagfasiliteite vir die beplanner (en assistent) word benodig. Dit behels slegs basiese skoon slaap- en wasgeriewe met etes en telefoonfasiliteite vir noodsaaklik reelings wanneer benodig. Indien dit nie ter plaatse verskaf kan word nie, sal lternatiewe verblyf by ‘n nabygeleë gastehuis/hotel die verantwoordelikheid van die eienaar wees.

FASE 5: LEWERING VAN ADDISIONELE DIENSTE

Indien die eienaar dit verkies, kan hulp gelewer word met die opstel van ‘n kaart en brosjure; bemarking van die roete; bou van die roete en opstel en registrasie van kontrakte/servitute. In sulke gevalle word die einaar gewoonlik verwys na professionele persone in die onderskeie velde.

6. VERDERE SAKE

In geval van buitengewone onvoorsiene weerstoestande of soortgelyke omstandighede wat veldwerk onmoontlik of gevaarlik maak, sal die kostes as gevolg van vertraging, deur die twee partye gedeel word maar die uiteindelike besluit lê in die finale instansie by die diskresie van die beplanner. In geval van ’n ongeluk op die terrein sal van die eienaar verwag word om maksimale hulp te verleen.

Omstandighede soos byvoorbeeld baie digte stande van uitheemse bosse maak soms die merk van ‘n roete onmoontlik. In sulke gevalle sal die eienaar verantwoordelik wees om, na verwydering van die hindernisse, self hierdie gedeelte van die roete volgens voorskrifte te merk.

7. VERGOEDING

‘n Aanvangsdeposito van 25% plus resikoste word benodig met opdraggewing. Die res is betaalbaar direk na afhandeling van die merk van die roete.

Daar word vertrou dat u na afhandeling tevrede sal voel in die sin dat u waarde vir u geld gekry het en ‘n produk sal hê wat or ‘n langtermyn steeds ‘n aanwins vir u eiendom sal wees. Ons is ook onbepaald beskikbaar vir verdere advies.

M.L. Hugo
Januarie 2009
leonhugo@vodamail.co.za
082 578 3023